

**VELE FAKTORE** dra by tot die maak van 'n suksesvolle stoetteler. FOTO: VERSKAF



Dr. Japie van der Westhuizen, hoofbestuurder van SA Stamboek. FOTO: LBW-ARGIEF

# Daar's murg in die pype van 'n (goeie) stoetboer

Suid-Afrika kan opreg spog met van die beste stoetboere op die planeet. Hulle beskik oor eienskappe wat hulle laat uitstaan. Dr. Japie van Westhuizen, hoofbestuurder van SA Stamboek, verduidelik.

Die lang geskiedenis van aantekening, wat reeds in 1905 amptelik vorm aangeneem het, en uiteindelik uitgeloop het op wetenskapgegronde aantekening van eienskappe wat biologies en ekonomies sin maak, plaas stoettelers in 'n posisie om aanteelvee te lewer waarmee kommersiële veeboere 'n lewe kan maak.

Suksesvolle stoettelers beskik oor eienskappe wat hulle duidelik onderskei van die alledaagse.

## KEN DIE MARK

As jy 'n gesogte produk wil verkoop, moet jy weet wat in die mark aangaan en verstaan watter faktore markte beïnvloed. Stoetboere wat volhoubaar deel wil bly van die stoetbedryf, verseker dat die stoetdiere wat hulle verkoop, sorg vir wins in hul kopers se kuddes. Hulle verstaan wat word van die aanteelvee wat hul kliënte bemark en hoe dié kliënte se produkte weer vir wins moet sorg in die produksieketting.

## GESONDE DOELWIT

Suksesvolle stoettelers verstaan ook dat hulle 'n langtermyn-visie moet hê. Teling van plaasvee gaan in die eerste plek oor 'n gesonde doelwit. Hoewel 'n doelwit oorhoofs bepaal waarheen geneties geselekteer moet word, moet dit ook in verteerbare aksies opgedeel kan word.

Praktiese seleksie is wanneer die teler self diere kies wat sal sorg vir 'n nuwe generasie diere wat aangepas is by 'n produksieomgewing waar sy kopers se diere ook doeltreffend sal produseer. Die seleksie wat hy in sy eie kudde toepas, gee dus die pas aan vir genetiese vordering in die kuddes van die kopers.

Om 'n doelwit na te streef sonder om te meet is natuurlik nie moontlik nie. Met objektiewe metings weet jy watter diere produktief is en watter nie.

## WETENSKAP

Die voorloper-stoetboere verstaan die wetenskap wat een teeldier geneties beter maak as 'n ander, en stel belang in nuwe tegnologie. Hoewel die teling van stoetdiere tradisioneel as 'n kuns beskou is, het wetenskaplike ontwikkelings dit deel gemaak van die presisie-era. Objektiewe meting van die eienskappe wat wins verseker, die bepaling van elke dier se genetiese meriete en die korrekte insluiting daarvan in die vooropgestelde teeldoelwitte, sorg dat kopers ook kan deel in voordele wat moderne teling bied. 'n Suksesvolle stoetteler bied hierdie inligting op 'n verteerbare manier aan vir sy kopers. Die impak van moderne genomies-gegronde teelvoorspellings haal nog meer van die raaiwerk uit besluite. Genetiese merkers vir gesogte én ongewensde kenmerke verander ook die speelveld vir stoettelers.

## 'N GOEIE SPAN

Die belangrikheid van ingeligte kopers moenie onderskat word nie. Stoettelers en kopers vorm deel van die veebedryf en moet dus saam na die groter prentjie kyk. In die eerste plek sal ingeligte kopers weet waar aanvulling vir sekere eienskappe nodig is in hul kuddes om risiko's te verskans en ook hoe om sterkpunte verder uit te bou.

Kennis van die faktore wat bydra tot wins, wat die markte vereis en hoe die lem in die hef steek as jy sekere rasse ▶

met kruisteling kombineer, of wat die impak sal wees as jy selekteer vir 'n sekere kombinasie eienskappe, hou telers van stoetdiere op hulle tone.

Moderne veilingskatalogusse en toegang tot al die beskikbare inligting van 'n teeldier op webwerwe soos **SABeefBulls.com**, dien as uitmuntende inligtingsbronne. Dit is ook dikwels hier waar die stoetteler en sy kliënt eintlik 'n span behoort te vorm. Suksesvolle vleisbeesboere weet byvoorbeeld die kern van sukses lê by doeltreffende koeikuddes. Die grondslag hiervan is vroulike diere wat gereeld vroeg in die seisoen kalf en ook sorg vir 'n gesogte verkoopbare kalf.

## ONDERHOUDSKOSTES

Goeie stoetboere besef ook elke produk moet reg verpak word. Die klem het grootliks geskuif van 'n skoonheidskompetisie na goeie funksionele diere. Dis daardie diere wat hulpbronne reg benut, met gemak kan reproduseer en sorg vir verkoopbare nageslag, sonder om die boer bankrot te maak omdat hulle nie op hulle eie oor die weg kan kom nie. Dié verpakking moet die oog van voornemende kopers vang, anders dra die wetenskaplike onderbou min by tot die volhoubaarheid van die stoetboer se onderneming.

## VARIASIE

Omdat suksesvolle stoettelers hul mark verstaan, sorg hulle ook om die nodige variasie aan te bied vir voornemende kopers. Variasie sorg dat 'n verskeidenheid behoeftes aangespreek kan word. Variasie vorm ook die basis van suksesvolle seleksie en is die natuur se manier om te sorg vir die voortbestaan van 'n spesie. Dit is juis in die benutting hiervan dat sekere telers uitstaan bo ander. Sukses beteken om die regte bul by die regte koei te sit sodat doelwitte optimaal bereik kan word sonder om die variasie in 'n kudde prys te gee.

Suid-Afrika is ook geseënd met 'n wye verskeidenheid rasse wat elke behoefte kan aanspreek. Dit stel elke veeboer in staat om keuses uit te oefen. Tradisioneel word vleisbeesrasse getipeer in die Britse en Europese oorsprong-rasse, rasse met 'n Afrika-oorsprong, ook bekend as die Sanga-rasse, rasse bekend as Zebu-rasse en rasse wat saamgestel is uit kombinasies van dié oorsprong-rasse. Sekere rasse maak voorsiening vir voortdurende opgradering terwyl ander slegs oorspronklike suiwer diere toelaat in hul stambome.

Die kwessie vir die veeboer is steeds ~~om die~~ seleksiekeuses. Die eerste is sekerlik om te kies watter teler van stoetdiere sal 'n gunstige en volhoubare bydrae maak tot die wins van só 'n koper se kudde.

Net soos in die suksesvolle seleksie in hul eie kuddes, behoort kopers van teeldiere ook 'n doelwit te stel, meetbaar verkopers te kan opweeg teen mekaar, en die regte kombinasie diere aan te skaf. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.studbook.co.za**